VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Sondag:	Fanie du Toit, Christa Frylinck, Monique Laubscher, Guilloume Oberholzer, Isabel van der Merwe.
Maandag:	Sonya Eygelaar, Koos Ludick, Wimpie Strauss, Alex van Wyk.
Dinsdag:	Damian Geldenhuys, Johan Rademan, Elize Richter, Roline van der Merwe, Fritz Willmot.
Woensdag:	Jan Buitenhuis, Danika de Vries, Tiny Herholdt, Rina Johnsen, Johan Liebenberg, Emilie Schneider, Daniella Snyman, Juan van der Merwe.
Donderdag:	Estelle Goosen, Lize Grobbelaar, Desiree Malherbe, Hetta Nel, Elsabé Nortjé, Lené Uys.
Vrydag:	Sophia Malan, Douw Wessels.
Saterdag:	Jan-Higgs Badenhorst, Berdine Laurie, Reece Pretorius, Jacu Vos.

DEUROFFERS:

Vandag se deuroffer: Hulpbehoewende bejaardes

In Somerset-Wes is ons bevoorreg dat baie mense hier kom aftree. Die omgewing is so mooi en so goed dat mense hier al hoe ouer word. Vir sommige mense gaan oud-word gepaard met unieke uitdagings. Sommige se gesondheid verswak, ander se kinders woon ver en ander beskik nie altyd oor die nodige middele om in hulle behoeftes te voorsien nie. Dit bied vir ons as gemeente die geleentheid om juis vir hierdie bejaardes op verskeie maniere te ondersteun. Ons help soms finansieel of voorsien lewensnoodsaaklike middele. Vanoggend se deuroffer gaan vir hierdie doel.

Volgende week: Spesiale Tiendemaand dankoffer

Die dankoffers word (a.g.v. Covid-19) **nie tydens die diens opgeneem nie**, maar wel by die deure. Daar sal twee houers wees - een vir die **b**ankoffers, en een vir die deuroffer. Plaas gerus jou offer daarin wanneer jy uitstap.

Maak gebruik van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb die regte verwysing.

LEWER GERUS KOMMENTAAR aangaande die eredienste.
Stuur dit na eredienste@nghottentotsholland.co.za
of *anoniem* vanaf die webblad:
http://nghottentotsholland.co.za/liefde-na-bo/eredienste#

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 18 OKTOBER 2020

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: HENNIE FOUCHÉ EN EWALD VAN RENSBURG
SKRIFLESING: 1 TESSALONISENSE 1:1 - 10
TEMA: WOORDE WEK; VOORBEELDE TREK

Ds Nicola Alberts het aan die einde van Maart vanjaar haar dienstydperk in ons gemeente voltooi. Die Corona-virus het ons beplanning om haar op 5 April te groet, in die wiele gery.

Nicola, ons het jou in 2015 ontmoet toe jy jou gemeentejaar hier gedoen het; ons was teenwoordig toe jy gelegitimeer is na die voltooiing van jou studie en ons was bevoorreg dat jy op 23 April 2017 in ons gemeente bevestig is as dominee. Baie dankie dat jy deel geraak het van ons gemeente. Dankie dat jy ons leer ken het, en dat ons jou kon leer ken. Dankie vir alles wat jy gedoen het en vir mense beteken het. Dankie dat jy heen-gewys het na Christus. Dankie dat jy ons geleer om deur jou en jou generasie se oë na die wêreld en na die kerk en na mense te kyk.

Ons is jammer dat ons jou nie kan groet terwyl ons tee drink en verversing geniet nie. 'n Koppie tee en iets om te eet maak dit altyd nóg lekkerder om iemand te verwelkom en maak dit meestal bietjie makliker om tot siens te sê. Ons is jammer om jou te moet groet, terwyl ons sosiale afstande tussen mekaar moet handhaaf, maar weet asseblief dat ons jou liefhet met die liefde van Christus, en jou nie sal vergeet nie.

Mag die Here wat jou geroep het tot sy diens vir jou nuwe deure oopmaak. Mag jy die genade en die liefde en die vrede van die drie-enige God ervaar.

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **Faks:** 086 552 6165 admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
www.nghottentotsholland.co.za

Oktober is dankie-sê-maand in ons gemeente.

Vir die grootste deel van ons gemeente se bestaan gebruik ons hierdie *mooiste, mooiste maand* om bestek op te neem van alles waarvoor ons dankbaar kan wees, en gee erkenning daaraan deur 'n spesiale dankoffer te gee. Ons doen dit om daarmee die gemeente uit te bou en in staat te stel om God se koninkryk hier op aarde sigbaar te maak.
Oor die jare het ons hierdie beloofde bedrag begin insluit in die gemeente se begroting. Ons mikpunt is om vanjaar R500 000 met hierdie spesiale

Kategese begin weer 8 November!

Ons is opgewonde om amptelik weer op Sondag 8 November te begin.

Gr 1-3 verlaat die kerk na kindertyd.
Gr 4-7 in Jeuglokaal
Gr 8-11 in Familiekamer.

Kinders moet met maskers kom en daar sal die nodige regulasies gevolg word.

Huis Andrew Murray Kersskoenboksprojek

Baie dankie aan almal wat reeds 'n boks (of bokse) vir hierdie projek geneem het. U word versoek om die gevulde bokse voor **30 Oktober** by die kerk (of kerkkantoor) in te handig met die kind se naam duidelik buite op gemerk.

Vorige eredienste kan op Youtube gekyk word.
https://www.youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Teken gerus in (subscribe) op hierdie kanaal, en jy sal 'n kennisgewing ontvang elke keer wanneer iets nuuts op die kanaal gelaai word.

Aanhouwen Boetiek oop op Dinsdae

Aanhouwen verkoop op Dinsdae tussen
10:00 – 12:00 tweedehandse klere om fondse in te samel.
Kleredonasies dringend benodig!
Jy kan dit direk na Aanhouwen neem of by die Kerkkantoor aflaai.

As verlengstuk van die kermis gaan 'n

AANLYN-KUNSVEILING

plaasvind gedurende Oktober.
Loer gerus na wat beskikbaar is op die webwerf
www.nghottentotsholland.co.za - BRONNE - Kunsveiling HH
Die kunstenaars is almal bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars en daar is iets vir elke ou se beursie.
Stuur 'n e-pos aan die Kerkkantoor indien jy 'n aanbod op 'n lot wil maak.



Dominees se besoeke aan lidmate:

Die dominees is meer as bereid om mense te besoek, of dat lidmate hulle besoek, maar wil ook niemand in 'n ongemaklike posisie plaas as hulle dalk nie mense wil ontvang nie. Laat weet daarom gerus as jy wil hê dat een van die dominees jou moet kom besoek, of as jy een van hulle wil besoek.
Laat weet asseblief ook as jy weet van iemand wat siek is, in die hospital is, of wat hulp nodig het. Al is dit nie in alle gevalle moontlik om iemand te besoek nie, *besoek ons mekaar graag per tele/selfoon.*

KERKRAADSVERKIESING:

By die kerkraadsvergadering van 10 November 2020 moet ses nuwe kerkraadslede verkies word. **Gemeentelede word versoek om asseblief persone te nomineer** deur hulle name by die kerkkantoor te gee, of per e-pos te stuur aan admin@nghottentotsholland.co.za

VAKATURE vir Huishoudster -
HUIS PAM BRINK / ESPERANZA VERSORGINGSDIENS STRAND
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting

Skakel om erediens lewendig te volg op Sondagoggende, 09:00 : http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH-vjs/index.html